SCHEFFLER AKTUARIEEL

OPGAWE 1: OPDRAG VIR `N ONDERHOUDSEIS

(Vir langslewende gades en ander waar daar nie `n maandelikse onderhoud was nie)

Die onderstaande items word normaalweg benodig om `n eis te bereken in gevalle waar daar nie reeds voor dood 'n vaste onderhoudspaaiement betaal is nie. Alle langslewende gades is in dié kategorie. Daar is dikwels ook ander relevante omstandighede wat in ag geneem moet word, spel dit asseblief in die laaste paragraaf of in `n aparte dokument uit. **Tik of skryf gerus die inligting op dié blad in en e-pos of faks dit aan ons.**

OORLEDENE

1. **Volle name en van**
2. **Geboortedatum**
3. **Datum van dood**
4. **Salaris** en ander **inkomste** (asook beroep en werkgewer.)

Indien selfbesoldig, verstrek alle inligting, ook netto besteebare inkomste (take-home pay)
Bruto
Netto na aftrekkings

EISER(S)

5. Vir wie se onderhoud word daar geëis? Langslewende gade? Langslewende gade met kinders? Slegs minderjarige(s)? Ander (spesifiseer)?

LANGSLEWENDE GADE / OUER of VOOG van Minderjariges

6. Naam, van en nooiensvan
7. Geboortedatum
8. Gesondheidstoestand, indien nie normaal nie.
9. Huweliksdatum en detail. Binne/buite gemeenskap van goedere? Aanwasbedeling? Indien nie getroud nie, die datum waarop die permanente verhouding begin het
10. Salaris en/of ander inkomste tans (asook beroep en werkgewer)
    Bruto Netto na aftrekkings
11. Soos in 10, maar voor die oorledene se dood.
    Bruto Netto na aftrekkings
12. Die beleggingsbates van die langslewende uitgesluit bates wat nou geërf word.
    Bankrekeninge, beleggings, besighede, eiendom, ens.
    (Die billike markwaarde, netto van skuld.)

MINDERJARIGE AFHANKLIKE KINDERS van die oorledene

13. Name en geboortedatums

14. Gesondheidstoestand, indien nie normaal nie.

15. Skoolstanderds.

ALGEMEEN

16. Voorsien `n afskrif van die testament (of besonderhede van legate, erfgename en verdeling.)

t: 021 976 3255 **f:** 021 976 9321
e: eise@onderhoudseise.co.za **w:** www.onderhoudseise.co.za

17. Waar het die oorledene en die eiser(s) gewoon?
    Aan wie het die eiendom behoort?
    Waar bly die eiser(s) nou?
18. Alle voordele buite die boedel wat die langslewende of minderjariges mag toeval (Pensioenfonds, polisse of ander.) Meld `geen` indien daar nie is nie.
NB : Hou die eis oor tot hierdie inligting bekend is.

19. Het oorledene **onderhoud betaal** aan ‘n geskeide gade of kinders? Gee detail.

20. Was die oorledene se afhanklikes lid van `n mediese fonds?
Hoe het dit verander as gevolg van sy/haar dood?
Watter maandelikse premies is en word nou betaal?

21. Wie beredder die boedel en wie betaal vir die koste van ons verslag?

22. Voorsien `n Konsep **Likwidasie en Distribusierekening**. Indien nie beskikbaar nie, `n lys van die oorledene se belangrikste bates en laste en `n raming van die netto bedrag van die boedel.

KERN-ASPEKTE

Die eis word gebaseer op die waarde van die onderhoud wat die eiser(s) verloor as gevolg van die oorledene se dood. Dit sentreer om die volgende kern-aspekte :
• Die inkomste van (albei lede van) die gesin voor die dood van die oorledene.
• Die omstandighede en lewensstandaard van die gesin, veral wat items soos behuising, mediese voorsiening, ens. betref.
• Die huidige omstandighede van die eiser(s). Bates, inkomste, behuising, medies, ens.

22. Verskaf alle verdere relevante inligting om hierdie kern-aspekte volledig te dek.

23. Beskryf enige verdere omstandighede wat die eis kan beïnvloed.